

11 - 15 Mei 2020

## Werkomgewing en aktiwiteite in elke loopbaanveld

### Geleentheid in elke loopbaanveld

#### Les 4

Uitkoms van hierdie les:

In hierdie les fokus die inhoud om die leerder op die verskeie loopbane wat daar is end at hulle reeds nou al aan verskeie goed moet dink om eendag reg te wees vir hul loopbaan. Die werk in die les is baie meer uitgebrei as in die handboek dus baie belangrik vir assesserings en take in die toekoms. Werk moet opgesom word in werkboeke. Geen aktiwiteit hierdie week nie. Gebruik kleur, prente en wees kreatief met jou opsommings.

## Werkomgewing en aktiwiteite in elke loopbaanveld

- Begin om verskillende loopbaanvelde te ondersoek deur na verskillende werkomgewings, aktiwiteite, geleentheid en uitdagings te kyk wat met verskillende loopbane geassosieer word.

Werkomgewing kan na die geografiese ligging van jou werk verwys.

- Jy kan in 'n fabriek, 'n klaskamer, 'n kantoor, 'n werkwinkel of 'n afgeskorte ruimte werk.
- Jy kan 'n werk in die buitelug hê, soos op 'n bouperseel, of 'n plaas of in 'n wildreservaat.
- Party werke word gedoen terwyl in 'n motor, bus of taxi gery word, party mense werk in 'n winkel, 'n ateljee of 'n pakhuis, daar is baie ander plekke.

Werk kan ook volgens spesifieke aktiwiteite gegroepeer word.

- Skryf. o Probleemoplossing.
- Bestuur. o Organiseer.
- Liasseer. o Onderrig.
- Sosialiseer. o Dink kreatief.
- Kweek. o Versorg.
- Toets. o Ontwerp.
- Verkoop. o Teken.
- Werk met jou hande. o Vele meer.

- Elke loopbaanveld het 'n spesifieke werkomgewing en aktiwiteite.
- Loopbane binne loopbaanvelde kan ook verskil ten opsigte van hulle werkomgewing en aktiwiteite.
- Om te bepaal wat jou die beste pas, sal jy verskillende werkomgewings en aktiwiteite moet ondersoek.

## Loopbaanvelde

- Loopbaanveld: Klerklik en sekretarieel.
- Werkomgewing: Binnenshuis, kantoor, by 'n lessenaar, in 'n afgeskorte ruimte.
- Aktiwiteite: Liasseer, tik, organiseer, rekenaarwerk, roetineaktiwiteite.



- Loopbaanveld: Ambagte.
- Werkomgewing: Buitens- of binnenshuis, werkwinkel, boupersele.
- Aktiwiteite: Praktiese aktiwiteite, hande-arbeid soos om te bou, reg te maak, op te rig, en te produseer.



- Loopbaanveld: Uitvoerende kunste.
- Werkomgewing: Teaters, agter die skerms, op verskillende plekke, al reisende.
- Aktiwiteite: Dans, musiek, drama, kreatiewe en tegniese ondersteuningsdienste soos dekorontwerp, modelbou, beligting, klank, choreografie, vervaardiging en regisering.



## Geleenthede in elke loopbaanveld

- Binne elke loopbaanveld is daar 'n aantal moontlike loopbane waaruit jy kan kies, afhangende van jou belangstellings, vermoëns, persoonlikheid en waardes.
- Neem ook in ag watter geleenthede tans en in die toekoms beskikbaar gaan wees.



## Skoolvlak, duur van studie, dienste en bronne vir loopbaanvelde

- Vind soveel as moontlik oor jou loopbaanvelde en loopbane van voorkeur uit.
- Gebruik 'n verskeidenheid dienste en bronne tot jou beskikking.
- Ondersoek skoolvlak vereis en duur van studie vir verskillende loopbane waarin jy belangstel.
- Skoolvlak (vereistes vir elke loopbaanveld) en duur van studie vir elke loopbaanveld
- Alle loopbane vereis nie dieselfde skoolvlak nie.
- Van die opleiding is meer teoreties.
- Ander meer prakties.
- Party vereis teoretiese opleiding en praktiese opleiding.
- Verskillende skoolvlakke vind ook oor verskillende tydperke plaas.

### 1. Loopbaanveld: Klerklik en sekretarieel

**Klerk** Ervare senior personeellede gee indiensopleiding vir 4 - 10 maande. Verdere studie word aangemoedig. Party werkgewers betaal klasgelde by universiteite van tegnologie en private kolleges. 'n Diploma in Publieke Administrasie (N.Dip.) kan oor 3 jaar voltooi word.



### 2. Loopbaanveld: Ingenieurswese

**Meganiese ingenieur**, B.Sc.-graad in Meganiese Ingenieurswese by 'n universiteit is 4 jaar. Daarna is 2 jaar praktiese opleiding vereis. Universiteite van tegnologie bied Meganiese Ingenieurswese in vennootskap met universiteite aan wat 4 jaar duur.



### 3. Loopbaanveld: Algemene dienste

**Winkel assistent** Die meeste winkel assistente leer hulle vaardighede terwyl hulle in diens is. Groot winkels het soms opleidingsprogram wat 'n paar dae duur, gevolg deur indiensopleiding onder toesig van 'n ervare werker. Dit help die winkel assistent om te weet waarvoor die werk gaan sodat hulle dit met vertroue kan aanpak.



### 4. Loopbaanveld: Wetenskap en wiskunde

**Chemikus** B.Sc.-graad met Chemie as hoofvak word by universiteite aangebied wat 3 jaar duur. Verskeie universiteite van tegnologie bied diplomas in Analitiese Chemie vir tegnisi en tegnologiese aan. 'n Meesters- of doktorsgraad is nodig vir meer senior posisies in dosering, navorsing en administrasie.



5. Loopbaanveld: numeries en finansieël  
**Bedryfsekonoom** Grade met Ekonomie, Sakebestuur of Statistiek as hoofvak kan na 3 jaar voltydse studie of 4 jaar deeltydse studie verwerf word. 'n Kursus in Besigheidsbestuur is by VOO-kolleges en universiteite beskikbaar.



### Dienste en bronne vir loopbaanvelde en studie-inligting

- As jy eers jou voorkeure ken, afhange van jou persoonlikheid, belangstellings, vermoëns en waardes, en jy die werkomgewing en werkaktiwiteite oorweeg, moet jy soveel as moontlik inligting oor die loopbaan van jou keuse bekom.
- Onder is 'n lys van dienste en bronne wat jy kan gebruik om meer inligting oor loopbaanvelde en studievereistes te bekom.
- Boeke en koerante
- Daar is 'n groot verskeidenheid voorligtingsboeke beskikbaar wat spesiaal vir die Suid-Afrikaanse mark geskryf is.
- Soek altyd die jongste inligting wat beskikbaar is.
- Boeke wat beskikbaar is:
- The A-Z of Careers: The South African Career Encyclopaedia. D. Nelson.  
Choose the right career: A Practical Guide for School Leavers. N Colley.  
Brilliant Career Finder: How to find the right career for you. J. Monroe.  
Career Counselling: Methods that work. K. Maree.  
Career psychology: In the South African Context. G. Stead.  
Life skills and career counselling. K. Maree.  
Shaping the story: A guide to facilitating narrative career counselling. K. Maree.
- Verskeie koerante regoor die land publiseer 'n bylae genaamd Workplace, met die jongste inligting oor loopbaanvelde, loopbane, studiegeleenthede, werkomgewings en werkaktiwiteite.
- The Star: Workplace – Maandag en Woensdag.
- Pretoria News: Workplace – Maandag en Woensdag.
- Cape Times: Career Times – Maandag.
- Cape Argus: Workplace – Woensdag.
- Daily News: Workplace – Woensdag.

### Tersiêre instellings

- Universiteite, universiteite van tegnologie, VOO-kolleges en private instellings kan per telefoon, per pos of via die internet gekontak word om waardevolle loopbaan- en studie-inligting te bekom.
- Party verskaf self inligting via sosiale media soos Facebook.
- **Private sielkundiges**
- 'n Voorligtingsielkundige wat in beroepsvoorligting spesialiseer, kan jou assesser om jou vermoëns, belangstellings, persoonlikheid en waardes te identifiseer en jou raad gee oor moontlike loopbane wat jy kan oorweeg.

- **Internetbronne**

- Soek van die huis af na studie- en loopbaaninligting.
- Meld net op hierdie webwerwe aan en kry toegang tot nuttige bronne.
- <http://www.pacecareers.com/>
- <http://sastudy.co.za/>
- <http://www.careerhelp.org.za/>

- **Selfone**

- Jy kan loopbaaninligting op jou selfoon kry.
- Gaan na [www.gostudy.mobi](http://www.gostudy.mobi) en begin soek.
- Party tersiêre instellings soos die Universiteit van Johannesburg verskaf ook inligting via jou selfoon – [ujmobi](http://ujmobi).
- Persoonlike terugvoer
- Werkskadu is bedoel om bewustheid van loopbane te verbeter en jou te help om ingeligte besluite oor jou toekoms te neem.
- Persoonlike terugvoer van maats, familieleden en onderwysers kan ook nuttige inligting verskaf.

## **Inligting oor verskillende loopbaanvelde**

### **Loopbaanveld Beskrywing**

**Landbou.** Die wetenskap van plant en diereproduksie en voeding, en die ekonomiese impak daarvan.

#### **Toegepaste en visuele kuns.**

Vereis skeppende werk deur aktiwiteite bv. fotografie, skilder, beeldhouwerk, teken, ens.

**Bouwerk,** konstruksie. Konstruksie, steenwerk en houtwerk.

**Spyseniering,** gasvryheid. Loopbane in die hotelbedryf.

**Klerklik,** sekretarieel. Loopbane in 'n kantoor met gebruik van kantoortoerusting bv. rekenaars om jou te help.

**Handwerk.** Loopbane wat jou toelaat om dinge met jou hande te maak, skep of versier.

#### **Onderwys,** ondersteuningsdienste.

Loopbane wat ander deur onderwys en opleiding ophef en ontwikkel.

**Elektriese infrastruktuur.** Werk met sterkstroom, oorhoofse kragrade, en huishoudelike, siviele en industriële nywerhede; swakstroom in die vorm van digitale elektronika in kommunikasie, industriële elektronika en klankingenieurswese, asook instrumentasie

**Ingenieurswese.** Gebruik van wetenskaplike metodes en beginsels om dinge te ontwerp, ontwikkel en maak.

**Algemene dienste.** Gebruik praktiese vaardighede om nuttige dienste aan ander te lewer.

**Gesondheidswetenskappe.** Loopbane wat oplossings probeer vind vir gesondheidsverwante probleme.

**Gesondheidsondersteuningsdienste.**

Die sorg op 'n praktiese manier vir die gesondheid van ander.

**Inligtingstechnologie.** Werk op verskillende vlakke met rekenaars.

**Regte.** Betrokke by die “reg” en “verkeerd” van menslike gedrag.

**Wetstoepassing.** Verantwoordelikheid vir die beskerming van die samelewing.

**Taal en kommunikasie.** Loopbane waarin taal en die gebruik van taal 'n groot rol speel.

**Bestuur en beplanning.** Loopbane waarin jy verantwoordelikheid gegee word en aanspreeklik gehou word vir die sukses van 'n afdeling of department.

**Bemarking en verkope.** Behels die verkoop, aankoop en bemarking van goedere of dienste.

**Numeriese en finansiële dienste.** Word gewerk met syfers, beheer van finansies, strukturering van saketransaksies.

**Uitvoerende kunste.** Loopbane betrokke met dans, musiek en drama.

**Wetenskap en wiskundige wetenskap.** Loopbane wat jou intellektueel uitdaag en wat die gebruik van analitiese vaardighede behels om komplekse probleme op te los.

**Sosiale wetenskappe.** Loopbane wat begrip vir mense, die samelewing en kultuur vereis.

**Sport.** Loopbane waar jy sport as 'n loopbaan beoefen, met sportmense werk of sportgebeure bestuur.

**Ambagte.** Hierdie kategorie is prakties van aard en behels die gebruik van gereedskap, masjinerie en toerusting.

- ❖ **Kyk gerus die video-snit. Dit is 'n toetsie om te sien in watter rigting jy dalk eendag gaan studeer.**

<https://www.youtube.com/watch?v=cyXADWE7KPo>